



« Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie »



# KynoHumate Black®



## Naam:

**KynoHumate Black®**

## Eienskappe (Wat):

<b>Humiensuur</b>	15.0 % m/m
<b>Kalium</b>	3.0 % m/m
<b>Stikstof</b>	0.5 % m/m
<b>Voorkoms</b>	Donker bruin tot swart vloeistof
<b>pH</b>	10.0 – 12.0
<b>Soortelike gewig (SG)</b>	1.10 g/cm <sup>3</sup>

- Navorsing het bewys dat humiensure die metabolisme van plante tot so 'n mate beïnvloed dat dit plantegroei verbeter en stres-verdraagsaamheid verhoog.
- Humiensure is slegs oplosbaar in alkaliese oplossings en moet geensins by suuroplossings gevoeg word.

## Toediening (Hoe):

<b>Sproeibemesting</b>	Boordgewasse	Dien 'n totaal van 35 – 45 l/ha toe, oor die hele seisoen, opgedeel in toedienings van 5 – 10 l/ha op 'n slag.
	Groente	Dien 'n totaal van 25 – 30 l/ha toe, oor die hele seisoen, opgedeel in toedienings van 5 – 10 l/ha op 'n slag.
	Sierplante & Grasp-erke	Dien 'n totaal van 35 – 45 l/ha toe, oor die hele seisoen, opgedeel in toedienings van 5 – 10 l/ha op 'n slag.

## Voordele (Hoekom):

- Humiensure speel 'n belangrike rol in verskeie grond- en plantfunksies, wat die beskikbaarheid van plantvoeding beheer en wat sodoende plantfisiologie beïnvloed. Humiensure beïnvloed ook die samestelling van mikro-organismes in die rhizosfeer positief.
- Die eerste effek van humiensuurtoediening is die bevordering van wortelgroei. Humiensure het 'n ouksien-effek op plante en bevorder veral laterale wortelontwikkeling.
- Die humiensure bevorder die kompleksing, mobilisering en vervoer van metaal-ione, soos yster en ander mikro-elemente. So is daar deur studies bewys dat aluminium in die grondoplossing sowel as aluminium- en ysteroksiedes beïnvloed word wat tot gevolg het dat fosfaat meer beskikbaar is vir gewasse.
- Humiensure verhoog die verdraagsaamheid van gewasse onder hoë souttoestande deurdat dit die opname van natrium verlaag en die selwande beskerm deur 'n verhoogde aminosuurkonsentrasie.
- Humiensure is 'n belangrike komponent van die grondbiologie wat voordelige bakterië ondersteun. Hierdie bakterië leef in simbiose met die plantwortel en daardeur word plantvoedingstofopname deur die wortels verhoog.

## Gebruike (Waar):

- Humiensure bevoordeel die meeste landbougewasse veral gedurende die vestigingstadium asook gedurende periodes van uiterste klimaatstoestande wat plantstres veroorsaak.